

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 123

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

DOOP MET DIE HEILIGE GEES

Die sg. "Doop met die Heilige Gees" is in ons tyd sterk op die voorgrond. Dit is tereg só, want daarsonder het niemand deel aan Christus nie. Die vraag is egter wat mense onder die doop met die Heilige Gees verstaan.

Wie is waardig om met die Heilige Gees gedoop te word? Wie ontvang die Heilige Gees? Daarop kan ons antwoord dat alleen een mens op aarde geleef het, wat dit verdien het om die Heilige Gees te ontvang en dit is die mens Jesus Christus. Hy is die enigste mens wat kan sê: "Ek het nie gekom om (die wet) te ontbind nie, maar om te vervul." (Matt. 5:17). Hy alleen was heilig en volmaak en kon die Heilige Gees ontvang. En dan weet ons wel dat dit alleen kon gebeur omdat Hy nie bloot 'n mens was nie, maar ook waaragtig God is. Hy het geen aardse vader nie, maar is ontvang van die Heilige Gees. (Luk. 1:35).

Buite Christus lê die hele wêreld onder die oordeel van God. "Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God, en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is." (Rom. 3:23, 24). Dit is baie noodsaaklik om dit duidelik te begryp dat geen mens buite Jesus Christus om die Heilige Gees kan ontvang nie. Niemand kan deur gehoorsaamheid of eie verdienste of wetsvervulling die Heilige Gees ontvang nie.

Die Heilige Gees is 'n gawe aan hulle wat in Christus glo — geen ander weg is hoegenaamd moontlik nie.

Christus het vir ons sondes gesterwe en daardeur het Hy ten volle voldoen aan die eise van God, sodat Hy die Heilige Gees op alle vlees kan uitstort. Toe die Seun van God aan die kruis uitroep "Dit is volbring!" was elke obstruksie afgebreek wat verhinder dat die Heilige Gees in sy volheid aan die mees sondige en skuldige nakomeling van Adam gegee kon word. Die Gees word gegee op die grondslag van die volmaakte gehoorsaamheid aan die wet van God en dit sien dan hoegenaamd nie op ons gehoorsaamheid nie, maar op die gehoorsaamheid van Jesus Christus. Die Gees is nie en word nie gegee omdat ons gehoorsaam is nie, maar omdat Christus in ons plek gehoorsaam was. Alleen sy werk bring die Gees na ons toe.

Luister wat sê Paulus in Gal. 3: "Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek... Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word ... dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang ..." Dit is nodig dat ons dit baie goed onthou. Die ontvangs van die Heilige Gees of die doop met die Heilige Gees, is gebind aan die geloof in die verdienste van Jesus Christus alleen. Dit gaan nie in die eerste plek om die sg. ervaring (experience) v.d. Heilige Gees nie, maar om die geloof in Jesus Christus. "Glo in Jesus Christus en jy sal gered word" is die boodskap van die Evangelie. Dit hou ook die belofte van die Heilige Gees in.

Geloof in Jesus 'n gawe van die Heilige Gees

In Joh. 15 sê die Here Jesus van die Heilige Gees: "Maar as die Trooster gekom het wat ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig." En toe die Gees met Pinkster uitgestort is, sê Petrus weinig van die Gees self, maar Hy haas hom as't ware om te kom by die prediking van die evangelie van Jesus Christus, die Gekruisigde. Op Pinksterdag is Petrus en die ander apostels gedoop met die Heilige Gees en dan laat die Gees hulle praat van Jesus. Dit is die middelpunt van hulle prediking: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word."

Natuurlik moet ons van die Heilige Gees praat en Hom verkondig, maar ons moet altyd onthou dat die Gees die Toepasser van die versoening van Jesus Christus in ons lewe is. Hy werk die geloof in Jesus Christus en Hy bewerk ook die vrugte van geloof — wat ook genoem word die vrugte van die Gees — in ons lewe.

Wat is nou die één algemeen geldende kenmerk van 'n mens wat met die Heilige Gees gedoop is? Só 'n mens glo in Jesus Christus as sy Verlosser. Vanselfsprekend gaan dit om die ware geloof in Jesus — daar is ongelukkig ook namaaksels van die ware geloof, wat selfs deur die duivel ingegee kan wees. Daarom waarsku die apostel Johannes in 1 Joh. 4: "Geliefdes glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan. Hieraan ken julle die Gees van God: Elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie ..."

Dit gaan nie daarom of 'n mens allerlei buitengewone kentekens na vore kan roep nie. Al die dinge mag mooi en skouspelagtig wees, maar dit is nog geen afdoende bewys van jou geloof in Jesus Christus nie. Eintlik is al die bykomende verskynsels, waarop mense dikwels vertrou, selfs twyfelagtige bewyse. Daar was en is nog altyd mense wat in die Naam van Jesus tekens en wonders doen en duiwels uitdryf, sonder om Hom waarlik te ken en te eer. Judas Iskariot was een van die twaalf apostels wat Jesus uitgestuur het en wat teruggekom het met die getuienis dat selfs die duiwels hulle aan hul onderwerp. Jesus se kommentaar daarop was: "Maar julle moenie daarvoor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskryf is."

Die Heilige Gees en die Bybel

Ek het by geleentheid 'n persoon langs die pad opgelaai en vir 'n paar uur kon ons druk gesels. Hy was 'n rondtrekkende prediker. Hy het o.a. aan my gesê: "Die Heilige Gees maak my in die nag wakker en praat met my van man tot man, soos God met Moses gepraat het." My antwoord was: "Die Heilige Gees praat elke dag met my deur sy Woord — die Bybel." Sy reaksie daarop was dat ek nog nie met die Heilige Gees gedoop is nie.

Wat is die verskil tussen die twee standpunte? Dit is twee standpunte wat so oud is as die Christendom self. En nou wil ek dadelik sê dat ek selfs die twee standpunte nie anders kan beoordeel nie, as in die lig van die Bybel. Dit is vir my as christenmens die enigste objektiewe maatstaf wat ek besit. Daarom verwerp ek alles wat in stryd is met die Bybel. Verder wil ek dit baie duidelik stel dat ek nie glo in 'n sg. "oop kanon" nie. Dit beteken dat ek glo dat die onfeilbare openbaring van God in die Bybel vasgelê is en daarmee opgehou het. Selfs wanneer ek die Bybel vertolk en verkondig, is dit nie onfeilbaar nie. Dit is alleen gesagvol indien dit ooreenkom met die waarheid wat in die Bybel aan ons gegee is.

Ek kan met vrymoedigheid sê: "Die Heilige Gees praat met my deur die Bybel." Daarvoor het ek Bybelse bewyse: "Die hele Skrif is deur God ingegee ..."

(2 Tim. 3:16). 2 Petr. 1:21: "Deur die Heilige Gees gedrywe het die heilige mense van God gespreek..." In Ef. 6 sê Paulus: "En neem aan ... die swaard van die Gees — dit is die Woord van God. . ." En in Hebr. 4: "Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart..."

Aan die ander kant vertel die Bybel van valse profete... In die Ou Testament was daar alreeds sg. profete wat valslik gesê het: "So sê die HERE ..." Die Here Jesus self verklaar: "Baie sal in die dag vir my sê: Here, Here, het ons nie in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedien nie? En dan sal ek aan hulle sê: Gaan weg van My julle wat die ongeregtheid werk." (Matt. 6:22, 23).

Juis daarom sou ek huiwer om te verklaar dat die Heilige Gees met my van man tot man praat... Dit mag die inbeelding van my eie hart wees ... Dit mag selfs 'n ander gees wees, want die duiwel verskyn ook in die gedaante van 'n engel van die lig ... 'n Mens moet baie lig loop vir jou hart en onthou dat selfs jou gewete bedorwe is deur die sonde ... Die soort van openbaringe en gesigte buite die Bybel om — en dikwels los van die Bybel — is op sy beste subjektief. Die enigste objektiewe maatstaf wat ons besit, waarin die wil en die leiding van die Heilige Gees onfeilbaar aan ons gegee is, is die Woord van God. Wanneer Jesus sê: "My skape luister na my stem en volg My", dan beteken dit dat die skape van Jesus luister na die Woord van God en daarvolgens lewe — dan is hulle gehoorsaam aan die Heilige Gees.

Hoe kom die Heilige Gees tot ons?

Volgens die Rooms Katolieke tradisie word die ewige lewe en die krag van die Gees aan ons meegedeel deur die sakramente v.d. kerk. By baie pinkstergroepe bestaan die opvatting dat die Gees met ons in verbinding tree deur kragdadige ekstatische ervarings. Beide die apostels en die kerke van die Reformasie leer egter dat die Heilige Gees met ons in verbinding tree deur die Woord van God.

Die Woord van God is die instrument waardeur die Heilige Gees werk. "Die swaard van die Gees ... dit is die Woord van God". (Ef. 6). "dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek is gees en lewe". (Joh. 6). Die Woord en die Gees stem ooreen. Hulle kan en mag nie geskei word nie. Dit wat die Gees doen, doen Hy deur die Woord van God — die Bybel. Selfs van so 'n besondere werk van die Heilige Gees soos die wedergeboorte sê 1 Petr. 1:23' "Want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende Woord van God wat tot in ewigheid bly". Let daarop: Julle is wedergebore deur die lewende woord van God.

Dieselfde geld van die reiniging van sonde: "Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het", sê Jesus vir sy dissipels in Joh. 15:3. Dink ook aan wat Paulus sê in Ef. 5:26: " ... om dit (die gemeente) te heilig nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord".

Die Woord van God is 'n lewende Woord. Dit is net so lewend as sy skeppingswoord. "Hy het gespreek en dit was; Hy het gebied en dit staan", lees ons in Ps. 33. Christus het wonders gedoen deur sy Woord. Selfs vir gestorwe mense sê Hy: "Dogtertjie, staan op!" of: "Lasarus kom uit!" Die siekes en dooies reageer op sy Woord en lewe. Paulus sê van die Woord in Rom. 1: "Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo ..."

Ons moet waak teen die gedagte dat die Heilige Gees onafhanklik van die Bybel werk of dat Hy kom in een of ander ervaring (experience) wat buite die Woord van God is. Die mense wat vra na tekens en wonders buite die Woord noem Jesus 'n "bose en owerspelige geslag".

Waarom is dit nodig om al die dinge te sê? Omdat die mens smag na sensasie

... ook op godsdienstige terrein. Een ding moet egter van my hart af wat betref die kerke en kerkmense: Ons het 'n groot verantwoordelikheid om die vrugte van die Heilige Gees in ons daaglikse lewe te toon. Daar moet liefde en warmte by ons wees. Die liefde moet bewys word — die liefde vir mekaar en vir verlore ganges. Ons moet onthou dat die wêreldmense nie die Bybel lees nie, maar hulle lees ons. Daarom moet ons in die volle sin van die woord, lewende briewe van Christus wees.

Onthou die lewe van God is in sy Woord. Deur sy Woord kom die Heilige Gees tot mense. Ons kan sê: Die Heilige Gees kom deur sy Woord in ons harte woning maak.

Vrae en antwoorde

U VRA:

Wat buig jy jou neer, o my siel?

DIE ANTWOORD:

Hoop op God; want ek sal Hom nog loof — die verlossing van sy aangesig!

— Psalm 42:6.

U VRA:

Tot hoe lank?

DIE ANTWOORD:

Laat u werk vir u knegte sigbaar word en u heerlikheid oor hulle kinders.

En laat die lieflikheid van die HERE onse God oor ons wees, en bevestig die werk van ons hande oor ons, ja die werk van ons hande, bevestig dit! — Psalm 90:16, 17.

U VRA:

Here waar is u vorige goedertierenheid?

— Psalm 89:50.

DIE ANTWOORD:

Loof die HERE, want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid!

— Psalm 118:29.

U VRA:

Hoe kan ek die weg ken?

DIE ANTWOORD:

Jesus sê: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

— Joh. 14:5, 6.

U VRA:

Wat sal ons dan van hierdie dinge sê?

— Rom. 8 :31.

DIE ANTWOORD:

In al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.

— Rom. 8:37.

Hoe ontvang ons die Heilige Gees

Die deel wat die mens moet speel in die ontvangs van die Heilige Gees is so duidelik en eenvoudig dat dit 'n aanstoot is vir die menslike natuur. Christus het alles volbring sodat Hy die Heilige kon uitstort, Die Woord van die Evangelie van Jesus Christus is die instrument waardeur die Gees met ons in verbinding tree. Mense ontvang die Heilige Gees bloot deur te luister na die Woord van God.

'n Mens se oor is 'n passiewe orgaan. Jy kan nie daarmee praat of sien nie — jy kan alleen maar hoor. Jy ontvang alleen met jou oor. Daarom kan 'n mens die Heilige Gees nie verwerf nie. Jy kry Hom nie as beloning op jou werk nie. Jy is geheel passief — jy ontvang Hom ondanks jouself. Onthou wat Paulus sê: "Het julle die Heilige Gees ontvang uit die werk van die wet of uit die prediking van die geloof?"

In Hand. 10 verkondig Petrus die Evangelie aan Cornelius en sy huis. Hy vertel van die Here Jesus en sy kruisiging en opstanding. Dan lees ons: "Aangaande Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergifnis van sondes deur sy Naam ontvang. En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het." Almal wat die woord gehoor het, het die Gees ontvang — terwyl Petrus self nog nie met 'n woord gepraat het oor die doop met die Heilige Gees nie.

Dit is nog altyd waar. Almal wat hoor — waarlik hoor — ontvang die Heilige Gees. Hier beteken "hoor" in werklikheid om te luister. Só lees ons van Lidia die purperverkoopster dat sy geluister het; die Here het haar hart geopen. (Hand. 10). Die Gees val vandag nog op elkeen wat na die Woord luister, nie bloot as 'n mensewoord nie, "maar soos dit waarlik is, as die Woord van God wat ook werk in julle wat glo." (1 Thess. 2:13).

Die Bybel en die verkondiging daarvan in die wêreld is nog altyd die instrument waardeur die Heilige Gees tot ons kom. Waar die Woord in waarheid verkondig word, is dit vandag nog soos Paulus van sy Evangelie gesê het: "Want ons evangelie het na julle nie gekom in woord alleen nie, maar ook in krag en in die Heilige Gees." (1 Thess. 1:5).

Waarom is dit só dringend nodig om hierdie dinge in ons tyd te sê? Dit is nodig omdat daar sovele is wat die geloof in die Bybel afmaak as tradisie. Wanneer Paulus sê i.v.m. die Jode se ywer om die letter van die wet van Moses na te lewe en daardeur die saligheid te verwerf; "want die letter maak dood, maar die gees maak lewend", vertolk die mense dit só dat die Bybel doodmaak, maar die Heilige Gees lewend. Ons moet op ons hoede wees vir die sondige selfverheffing, want 'n mens kan maklik jou eie inbeeldinge toeskryf aan die Heilige Gees, sodat jy nie nodig het om jou aan die lewende Woord van God te onderwerp nie.

Wedergebore deur die Heilige Gees

In Mark. 4 vertel Jesus 'n gelykenis: "So is die koninkryk van God, soos wanneer 'n mens die saad in die grond gooi; en hy gaan slaap en staan op, nag en dag, en die saad spruit uit en word groot — hoe, weet hyself nie." Dink nou hierby oor die uitspraak oor die wedergeboorte in Joh. 3: "Die wind waai waar hy wil en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. Só is elkeen wat uit die Gees gebore is."

Hier het ons baie duidelik met dieselfde geheimenis te doene. Dink aan die saad wat in die grond val. Die saaiër saai in die vertrouë dat daar iets van sal kom. Hyself kan niks daaraan doen indien die saad nie ontkiem nie. Hy kan die saad nie dwing om te ontkiem nie. Hy moet alleen maar seker wees dat hy goeie saad gesaai het — die goeie saad is die lewende Woord van God wat hy verkondig. Verkondig jy getrou die Woord van God, kan jy dit maar rustig in sy hand laat. Hy laat ontkiem en groei. Hoe dit gebeur weet die saaiër self nie. Hy staan alleen maar verwonderd en dankbaar wanneer die halms bo die grond verskyn en daar groei is, sodat die volle aar uiteindelik die halm versier.

Hier teken Jesus aan ons die wonderbare geboorte uit die Heilige Gees. Dit sê Hy dan ook in die uitspraak oor die wedergeboorte. Die wind waai, jy hoor sy geluid — jy sien die stof wat die wind opjaag en die bome wat buig en kraak — maar die wind self sien jy nie. Jy kan nie sy oorsprong aandui en sy uiteinde bepaal nie. M.a.w. jy sien die uitwerking van die wedergeboorte uit die Gees, maar die Gees self sien jy nie. Hy is onsienlik, want Hy is God. Jy sien saad wat groei".

Mense hoor die Woord. In hulle hart groei die oortuiging dat dit die Woord van God is. Hulle glo daarin en die nuwe lewe — die lewe uit die Gees — word sigbaar in hulle lewe. Hulle glo en volg hulle Heiland, soos Hy Homself aan hulle in sy Woord bekend gemaak het. Hulle dra vrugte — die volle aar verskyn aan die halm.

En nou is dit nie nodig vir die boer om elke koringstoel se wortels eers te ondersoek, om te kan vasstel of hy waarlik ontkiem het nie. Hy sien immers die lewende koring op sy akker. Wat het jy meer nodig? Die Heilige Gees werk onsigbaar en stilweg en bring mense tot die ware lewe — hoe weet hulleself nie. Die saak wat tel is dat hulle waarlik glo en vir hulle Here lewe.

Het jy die Heilige Gees ontvang?

Het ek die Heilige Gees ontvang? Ek kan nie vertel van die dag en datum van my wedergeboorte nie. Ek kan nie getuig dat ek in vreemde tale gepraat het nie. Ek weet bv. van een wonderbare genesing van 'n klein kindjie vir wie ek o.a. ook gebid het. Ek het egter een ingewortelde oortuiging en bid sonder uitsondering vir siek mense: "Here, maak hom gesond as dit U heilige wil is ..."

Hoe weet ek nou as gewone strydende gelowige dat ek die Heilige Gees ontvang het, sonder die "experience" van die Gees in meevoerende ekstase? Gelukkig laat die Bybel ons nie daarvoor in die duister nie. Aan ons word duidelik bewyse gegee wat in ons gesien word as die werkinge van die Heilige Gees. Ek wil drie noem:

Die eerste bewys is dat ek glo in Jesus Christus. "Niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees." (1 Kor. 12:3). Wanneer 'n sondaarmens sy sonde erken en sy geloof in die soenverdienste van Christus bely, is dit die werk van die Heilige Gees. "Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur Wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is." (Rom. 8).

My tweede bewys is dat ek die ware hoop besit. "Want ons is gered in hoop.

As ons hoop wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop met volharding." (Rom. 8). Lees hierby Gal. 5:5: "Want ons verwag deur die Gees uit die geloof die geregtigheid waarop ons hoop." Geloof sien terug op die oorwinning van Christus wat verby is; hoop sien uit na die heerlike toekoms van Christus by sy tweede koms. "Uit die geloof geregverdig het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus ... en ons roem in die hoop op die heerlijkheid van God." Ons ervaring in hierdie lewe is altyd onvolkome, omdat ons hier die eersteling — ons kan sê die eerste paalement — in die Heilige Gees ontvang het. (Rom. 8). Die Gees laat ons selfs sug in onself in afwagting van die heerlijkheid wat kom. Ons hoop op die toekoms wanneer sonde en swakheid en kleingeloof vir altyd verby sal wees.

En nou ons derde bewys: **Dit is dat ons God liefhet en ons medemens liefhet.** Liefde is die heilige lewensbeginsel wanneer die eer v.d. Here en die welsyn van ons medemens ons eerste sorg is en nie ons eie eer of welsyn nie. En dan gaan dit waarlik nie om gevoelsopwellinge of ekstatische ervaringe nie. Dit gaan veeleer om geduld en selfbeheersing en om die bewoë steun en hulp aan jou medemens. Die mens wat onbaatsugtig, sonder eiebelang, liefdesdade betoon, is 'n begenadigde mens. Paulus sê dat dit 'n uitnemender weg is as om in tale te spreek. (1 Kor. 12:31).

Daarom, het ek die Heilige Gees ontvang, dan is van my waar wat Paulus sê in 1 Kor. 13:13: "En nou bly geloof, hoop, liefde."

GEDOOP MET WATER

Die doop met water is die teken van die afwassing van ons sondes deur die bloed van Christus en die Heilige Gees. "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." (Hand. 2:38). Daarom wys die doop op beide die regverdiging deur die bloed van Christus en die heiligmaking deur die Heilige Gees.

Ons word gedoop in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes. Ons word gedoop in die Naam van "Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed." (Openb. 1:5). "Omdat ons dan deur die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus." Ons sondeskuld is vergewe omdat Christus daarvoor betaal het. Dit word afgebeeld in die doop.

Maar 'n gedoopte mens is nog nie in die hemel nie. Hy is nog op die aarde en staan nog in die stryd ten bloede toe teen die sondesmet wat aan hom kleef. Van dag tot dag staan hy in die stryd van die heiligmaking. Die Heilige Gees vernuut en heilig ons tot lede van Christus, sodat ons hoe langer hoe meer die sondes afsterwe en Godsalig en onberispelik lewe. Sonder die krag van die Heilige Gees sou ons in die stryd beswyk.

'n Mens kan twee foute maak. Eerstens kan jy die doop van Christus en die doop van die Heilige Gees skei. Die Bybel ken egter nie eerste- en tweedeklas christene nie. Daar is nie "gewone" christene en "Geesvervulde" christene nie. "Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam." (1 Kor. 12:13). 'n Mens is 'n Geesvervulde christen of hy is hoegenaamd geen christen nie. "Dit is een liggaam en een Gees ... een Here, een geloof, een doop" (Ef. 4:4, 5). Daar is net een Christelike doop en dit is die doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. (Matt. 28:19). Daarom is die doop van die Heilige Gees nie 'n hoër ervaring as die doop van Jesus Christus nie.

'n Tweede fout wat mense maak is om te beweer dat jy eers die ekstatische ervaring van die doop met die Heilige Gees moes hê, voordat jy geregverdig is. Ons bely egter saam met Paulus dat elkeen wat glo geregverdig is in Christus. (Rom. 3:21, 22; 5:1). Gelukkig ken Jesus aan elkeen wat glo die ewige lewe toe en verwag nie eers van hom allerlei ekstra-spesiale kentekens nie. (Joh. 3:16). En ons dank Hom wat ook aan ons sy Heilige Gees gegee het — anders sou ons nie eens in Hom geglo het nie. Ons dank aan God Drie-enig omdat ons glo wat ons lees in 1 Petr. 1:2: " ... uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus."

Vanselfsprekend is nie elkeen wat die teken van die water ontvang het in die doop, ook met die Heilige Gees gedoop nie. Ongelukkig is daar ook huigelaars in die kerk wat aan die uitwendige teken van die water bly hang.

Die volheid van die Heilige Gees

Paulus skryf in Rom. 8:23: "Ons self wat die eersteling van die Gees het, ons sug ook in onself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam." Ons het die eersteling of eerste paalement ontvang in die Heilige Gees. En tog besit ons in die betekenis van die Evangelie van Jesus Christus die volheid van die Heilige Gees, wat nooit in enige mate op aarde oortref kan word nie.

In die dae van Paulus was daar in die gemeente van Kolosse 'n groep mense wat nie tevrede was met die normale christelike lewe van geloof, hoop en liefde nie. Só is dit nog — die menslike natuur wil nie die besef van swakheid en sondigheid en beperktheid aanvaar nie. Daarom het 'n groep Kolossense gestrewe na die "volheid van die Gees", wat hulle sou ophef tot so 'n geestelike ekstase dat hulle as't ware bokant die arme en worstelende aardse christene kon uitstyg. Hoe heerlik om verhewe te wees bo die sugtende stryd, waarvan Paulus bv. praat in Rom. 8. Dié mense wou uitstyg bo die lewe uit die geloof alleen en deur ervaring van die Gees kom tot 'n soort aanskouing. Daartoe stel hulle bepaalde praktiese reëls op om hulleself daartoe te bring om die volheid van die Gees te ontvang en belewe.

'n Mens dink onwillekeurig aan sommige veel gelese eietydse boekies en pamflette wat spesialiseer in subjektivisme. Hulle ken selfs reëls en voorskrifte wat 'n mens moet nakom om die volheid van die Gees te ontvang. Paulus beskou dit egter as wettisme — noem dit maar wette en reëls om die Heilige Gees te ontvang. Sy antwoord aan hierdie hoogheiliges is om te wys op die heiligheid van Christus as die absolute middelpunt van die geloof van die kerk. "Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon." (Kol. 1:19). "Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik." (Kol. 2:9).

As ons Middelaar wat in ons plek die volle gehoorsaamheid aan die wet van God volbring het, het Christus ook alles ontvang wat God aan die mens kon en wou gee — selfs die volheid van die Godheid. Ek glo in Jesus, die Nasarener, gebore uit die jong meisie Maria, in wie die volheid van die Godheid woon. In Hom het ek alles: " ... en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag." (Kol. 2:10). Ek is saam met Hom gedood en begrawe en saam met Hom opgewek "deur die geloof". (Kol. 2:12).

Daarom kan die gelowige nooit iets meer hê as die geloof dat Jesus Christus sy Verlosser en Saligmaker is nie. Dan het hy die volheid van die Gees. Geloof omhels Christus en daardie volheid in Hom — omdat ek glo word dit ook aan my toegereken. Hoop wag geduldig en strydend op die volmaakte en weet dat hierdie aardse lewe onvolmaak en in swakheid is. Eers hierna sal ons kom tot die volle en ryke ervaring van die volheid — soos Christus dit reeds besit. "Maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is." (1 Joh. 3:2).

M. J. Booyens.